

OPDRAG: Lees die onderstaande berig deur en beantwoord die vrae wat volg:

1. 'n Troetelhond is 'n held nadat hy 'n (vyf + jaar) seuntjie van 'n wildebeer-aanval in die noorde van Japan gered het, het die polisie Dinsdag gesê.



2. Die hond, 'n sesjarige Shiba Inu, het die beer van sowat 1 m lank aangevat nadat dié die seuntjie aangeval het toe hy langs 'n rivier saam met sy oupagrootjie gaan stap het.

3. Die hond het “buitengewoon hard” geblaf en die dier weggejaag tydens die voorval Saterdagmiddag in Odate, sowat 550 km noord van Tokio, het 'n plaaslike polisiewoordvoerder gesê. “Die seun het ligte kneusplekke opgedoen en is hospitaal toe geneem, maar dieselfde dag ontslaan.”

4. Die kind se 80-jarige oupagrootjie, wat tydens die voorval net 'n kort entjie weg van hom was, het alarm gemaak. Die plaaslike media het die hond geïdentifiseer as 'n sesjarige wyfie genaamd Mego, wat oulik beteken.

5. “Mego is gewoonlik baie rustig. Dit was 'n groot verrassing vir ons dat sy 'n beer weggejaag het,” het die hond se eienaar aan die koerant Sports Hochi gesê. “Mego was nog altyd sy maat en ons het haar beloon met vleis en ander bederfies.”

6. Sports Hochi het berig die seun se (kleure/klere) was geskeur en sy rug en boude was oortrek van krapmerke waar die beer hom beetgekry het. Oosterse swart bere is inheems tot groot dele van Japan, insluitend die hoofeiland, Japan, en bruin bere kom in Hokkaido in die noorde voor.

Bron: Huisgenoot Digitaal, 24 Junie 2014

1. Maak gebruik van afleiding en skryf die korrekte vorm van die woord in hakies in paragraaf 1 neer. (1)
2. Maak gebruik van 'n agtervoegsel om die vroulike vorm van **held** (paragraaf 1) te vorm. (1)
3. Wat is die funksie van die agtervoegsel in **seuntjie** (paragraaf 1)? (1)
4. Verduidelik hoe die gebruik van die akuut in paragraaf 2 help om die sin se duidelik te maak. (1)
5. Verduidelik hoe is jou oupagrootjie (paragraaf 2) familie van jou? (1)
6. Verdeel die kompleks **buitengewoon** in die morfologiese dele waaruit dit saamgestel is. (2)
7. Skryf **550** (paragraaf 3) uit in woorde. (1)

8. Skryf die volvorm vir die afkorting **km** neer. (1)
9. Verduidelik waarom **80-jarige** (paragraaf 4) met 'n koppelteken geskryf word. (1)
10. Watter klankverskynsel kom voor indien **dieselfde** uitgespreek word as **dieselle**? (1)
11. Dink jy die woord **kort** is nodig in die eerste sin van paragraaf 4? Motiveer jou antwoord. (1)
12. Paronieme is woorde wat van dieselfde stam gevorm word deur verskillende voegsels aan die stam te las. Maak gebruik van 'n voorvoegsel en dan van 'n agtervoegsel en skryf twee paronieme van die woord **gemaak** (paragraaf 4) neer. (2)
13. Wat beteken die uitdrukking **het alarm maak** soos dit in paragraaf 4 gebruik word? (1)
14. Korrigeer die spelfout wat in paragraaf 4 begaan is. (1)
15. Korrekte spelling is altyd belangrik. Verduidelik waarom ons juis versigtig moet wees om die woord **verrassing** (paragraaf 5) korrek te spel. (1)
16. Maak gebruik van afleiding en verskaf die korrekte vorm van die woord in hakies in die sin hieronder. Verklaar die verandering wat jy aan die spelling van **beloon** aanbring.
Mego se (beloon) vir haar heldedaad was vleis en ander bederfies. (2)
17. Kies die korrekte spelvorm in hakies in paragraaf 6. Verduidelik dan die betekenis van die woord wat jy nie gekies het nie. (2)
18. Die **boude** in paragraaf 6 verwys na 'n deel van jou liggaam. Wat is boude dan? (1)
19. Verskaf die gepaste antoniem vir **inheems** in paragraaf 6. (1)
20. **Wildebeer** (paragraaf 1) word as een woord geskryf terwyl **bruin bere** (paragraaf 6) as twee woorde geskryf word. Verduidelik hoe die verskil in spelling bydra tot die verskil in betekenis. (2)
21. Lees weer die inligting oor die seun se beserings in paragrawe 3 en 6. Som kortliks die situasie aangaande sy fisiese toestand in jou eie woorde op. (2)
22. Pla dit jou dat die kind oor wie die berig handel se naam nooit genoem word nie? Waarom/waarom nie? (2)
23. Waarom, dink jy, het die berigskrywer dit goedgevind om die betekenis van Mego se naam in die berig te gee? (1)

